

8 Junie Lukas 3:1-20

(Teks: 3: 8a)

My optrede teenoor ander... 'n bewys van my bekering?

Die wyse waarop u teenoor ander mense optree, is baie belangrik. Dit kan selfs 'n bewys wees of u werklik tot bekering gekom het of nie!

Johannes het gepreek dat die mense hulle moet bekeer (Lukas 3:3). Hy het die egtheid van sommiges se bekering bevraagteken (Lukas 3:7-9). Daarom sê hy vir hulle om die vrugte van ware bekering te dra. (Lukas 3:8a).

Wanneer die mense vra wat hulle dan moet doen, vertel Johannes vir hulle hoe hulle teenoor mense moet optree (Lukas 3:10-14). Hier is 'n duidelike band tussen bekering en 'n mens se optrede teenoor ander mense.

Is ons nie soms geneig om te dink dat ons godsdiens 'n saak net tussen ons en God is, en nie veel te doen het met hoe ons teenoor ander optree nie? Om naastediens en naasteliefde te beklemtoon, word beskou as humanisties.

Hoe ons teenoor ander optree, is egter vir God baie belangrik. Hy het selfs by geleentheid sy volk se godsdiens hieroor verwerp. (Jesaja 1:11-17; Jeremia 7:3-10).

Ons Here Jesus Christus het in sy onderrig dikwels die sondes waaraan mense skuldig is geïdentifiseer in terme van hulle houding en gedrag teenoor ander. Net so druk Jesus berou en bekering ook uit in terme van mense se houding en gedrag teenoor ander.

Elkeen wat werklik God se genade en liefde in Christus ontvang het, sal dit ook uitdeel aan ander en iets doen omtrent die nood in die wêreld rondom ons. Wie dit nie wil doen nie, het nog nie werklik tot bekering gekom nie.

Sing Skrifberyming 21:1,2,3 Ds. J.L. van der Schyff (Petrusburg)